



# LUPINO

Nuusbrief van die lupinewerkgroep : Wes-Kaap

*Maart 2004 No. 17*

## **Simasien as vooropkom onkruidoder by lupine**

Herman Agenbag, Proteïennavorsingstigting

### **Inleiding**

Simasien word alreeds vir etlike jare baie suksesvol in Australië gebruik as vooropkom onkruidoder vir die selektiewe beheer van 'n breë spektrum breënlaar- en grassoorte in lupine. Die middel is relatief goedkoop en maak 'n baie groot bydrae tot die lae insetkoste van lupineverbouing asook die winsgewendheid van lupine vir die produsent. Volgens Australiese lupineprodusente het simasien 'n baie groot bydrae gelewer tot die vinnige uitbreiding van lupineproduksie sedert die vroeë sewentiger jare wat tans byna 2 miljoen hektaar per jaar beloop.

Plaaslik is daar alreeds gedurende die sewentiger jare begin met navorsing op simasien as onkruidoder vir lupine en is baie goeie resultate behaal. Ten spyte van die belowende resultate wat behaal is, het belangstelling by chemiese maatskappye vir die plaaslike registrasie van die middel ontbreek.

Die Proteïennavorsingstigting het terdeë die waarde van simasien besef vir ekonomiese volhoubare lupineverbouing hier plaaslik. Sedert 1998 het die Proteïennavorsingstigting dan ook met etlike plaaslike chemiese maatskappye beraadslaag oor die moontlike registrasie van simasien vir onkruidbeheer in lupine. Gedurende 2000 het 'n plaaslike chemiese maatskappy ingestem tot navorsing op simasien as onkruidoder vir lupine. Na samesprekings is besluit dat die Proteïennavorsingstigting en die maatskappy gesamentlik

die navorsing sal befonds en is daar gedurende 2001 begin met registrasieproewe in die winter – sowel as somerreënvalgebiede. Die registrasieproewe is suksesvol voltooi en die aansoek om registrasie is tans by die Registrateur van Wet 36/1947. Volgens inligting behoort registrasie in plek te wees voor die begin van die 2004 plantseisoen.

### **Riglyne vir die gebruik van simasien**

Om die beste resultate (onkruidbeheer) met simasien te verkry is dit baie belangrik om die volgende beginsels te verstaan:-

- Simasien is nie baie oplosbaar in water (5 dpm) nie en loog dus nie geredelik in grond nie.
- Indien simasien onmiddelik voor saai toegedien word, word dit tydens die saaiproses reeds met die grond vermeng. Die tipe saaimasjien of planter wat gebruik word sal 'n invloed hê op die effektiwiteit van vermenging veral wanneer daar redelik baie stoppels is. Skottels gee goeie vermenging maar is geneig tot 'n variasie in saaidiepte. Tand-implemente is weer geneig tot stroke veral met wyer tand spasiërings. Die gebruik van 'n ketting eg agter die planter/saaimasjien kan egter die probleem grootliks aanspreek.
- Simasien se werking is nie baie effektief nie wanneer daar op droë grond gesaai word. Kampe met probleem onkruid moet dus liefs eers na voldoende reën gesaai word. Indien die reën baie laat is kan droë saai oorweeg word met dien verstande dat simasien eers later, wanneer reën voorspel word, toegedien word.
- Simasien word deur die wortels van onkruidsaailing opgeneem en versteur die plant se fotosintese proses wat veroorsaak dat onkruid eers na etlike weke vrek. Aanvanklik wil dit voorkom asof simasien geen effek op onkruid het nie aangesien onkruid saam met lupine bogronds sigbaar is.
- Simasien het geen effek op onkruid wat reeds bogronds sigbaar is nie. Indien lupine onder sulke toestande gesaai word moet middels soos glifosaat of ander skroeimiddels soos Dikwat en Parakwat met simasien gemeng word om bestaande onkruid te vernietig. Soms is dit moontlik om onkruid meganies te vernietig met die saaiproses en is die byvoeging van ander onkruiddoders nie nodig nie.

- Grondtipe, kultivars en reënval sal die dosis van simasien bepaal. Op swaarder gronde met 'n hoë klei-inhou kan 'n groter dosis gebruik word as op sandgronde met lae klei-inhoud.

### **Gebruikbeperkings**

- Moet simasien nie op alkaliese gronde en/of op gronde wat aan versuiping onderhewig is toedien nie.
- Indien simasien op brakgronde of gronde met 'n gebrek aan spoorelemente toegedien word kan skade aan lupine aangerig word.
- Simasien het 'n relatiewe lang nawerking in die grond en moet gevoelige gewasse soos medics, kleingrane en groente nie binne 8 maande na toediening van simasien op die gronde verbou word nie.
- Die werking van simasien kan deur grondtipe en hoeveelheid reënval beïnvloed word. Simasien word maklik in sandgrond uit die onkruid ontkiemingsone geloog tydens swaar reën en kan dus swak onkruidbeheer tot gevolg hê. Onder lae reënvaltoestande kan dit egter ook gebeur dat te min van die aktiewe bestanddeel na die ontkiemingsone geloog word veral in die geval van lupine waar 'n baie lae dosis gebruik word. Dit mag dus nodig wees om simasien voor saai of tydens saai met klam grond te vermeng om sodoende te verseker dat simasien wel in die ontkiemingsone sal wees.

### **Onkruid wat beheer word**

Volgens die resultate van die registrasieproewe is goeie beheer verkry van die belangrikste probleem breëblaar onkruid soos ramenas, kaapse dubbeltjie, gousblom, turknaels, voëlduisendknoop, duiwekerwel, geelsuring, misbredie en sporrie. Grasonkruid soos wildehawer, eenjarige raaigras, opslag kleingrane en meerjarige word ook beheer. Raadpleeg die etiket vir volledige lys van onkruid wat beheer word.

## **Gebruiksaanwysings**

### **Verenigbaarheid**

Simasien is verenigbaar met onkruidodders wat in kombinasie daarmee aanbeveel word soos Parakwat, Dikwat en Glifosaat. Let asseblief deeglik op die mengings instruksies wanneer hierdie middels saam met simasien gebruik word.

### **Toediening**

Simasien kan met enige medium- of hoë volume spuitapparaat wat oor 'n doeltreffende roermeganisme beskik, toegedien word. Die beste resultate word normaalweg verkry deur gebruik te maak van platwaaierspuitpunte en 'n spuitvolume van minstens 200 l per hektaar.

Dien simasien direk na plant op 'n goed voorbereide saadbed toe, voor onkruid en lupine opkom. Vir goeie resultate is reën binne 'n week na toediening nodig om die simasien in die grond in te loog. Indien dit nie reën voor onkruid begin ontkiem nie word 'n ligte bewerking aanbeveel om die onkruidodder in die boonste grondlaag in te werk.

### **Dosis**

Die dosis word bepaal volgens die klei-inhoud van die grond en die algemene aanbeveling is soos volg:-

Sandveld                      < 15 % klei   -        400 ml/ha

Swartland	16 – 20 % klei -	600 ml/ha
Suid-Kaap & Rûens	21 – 30 % klei -	800 ml/ha

Simasien is op die onderstaande kultivars getoets:-

Breëblaarlupine	-	CED6150 & Kiev
Smalblaarlupine	-	Wonga & Eureka
Geellupine	-	Juno

### **Algemeen**

Simasien sal geregistreer word onder die handelsnaam Simazol sc met die aktiewe bestanddele simasien (500 g/l) en ander triasiene (10 g/l).

Aansoek om registrasie behoort, volgens die verspreider, teen einde April goedgekeur te wees.